

Vertrou op die Here alleen

Een werklikheid – een van twee keuses. Dit is ons lewe hier op aarde. Die werklikheid waarin ons leef, is dat ons in 'n stukkende wêreld woon. Iets daarvan word ook in hierdie psalm verwoord. Ons lees vanaf vers 7 tot 9 van verdruktes, hongeres, gevangenes, blindes, bedruktes, vreemdes, weeskinders en weduwees, ook van goddeloses wat die pad van Christene versper. Voeg by hierdie lysie ons eietydse sorge soos die MIV-pandemie, oorloë letterlik die wêreld vol, misdaad, geweld en korrupsie in ons eie land, die standaard van mediese dienste, onderwys – so kan ons aangaan. Brei hierdie lysie uit na jou eie unieke kwellinge. Dan kan ons nie anders as om te bely dat ons in 'n sonde-gebroke werklikheid woon nie.

Waar kom my hulp vandaan?

Binne hierdie een werklikheid is daar net een van twee keuses. Jy kan óf jou vertrou in magtige mense stel (1933-vertaling: “prinse”) óf jy kan dit in die Here God stel, die ewige Regeerder (1933-vertaling: “Koning”) van alles en almal. Om op die mens te vertrou, hoe magtig hy ook al is, lei tot niks, want die mens is sterflik, niks meer as 'n asempie nie. Boonop lei sy planne ook tot niks (vs. 3-4).

Wie egter op die Here vertrou, is geseënd, want die Here is ewig (vs. 10), almagtig (vs. 6) en Hy regeer in liefde oor sy kinders. Al kan ons nie altyd die wyse waarop Hy ons regeer, verstaan nie, hou ons nogtans vas aan die belydenis: “Hy bly vir altyd getrou” (vs. 6b).

Ek het gekies. Nou kan ek met blymoedigheid sing (Ps. 33:11 – berym): “In God, dié God wat ons beveilig, voel nou ons hart opnuut verblyd; en op sy Naam, ontsaglik heilig, vertrou ons tot in ewigheid.”

Sing: Psalm 146:2, 3

Ds Fanie van der Schyff (Potchefstroom-Moorivier)